SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Tel: (012) 808-9300
Faks / Fax : 087 220 2729

Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

6 April 2022

(JB02) JUNIORS (ONDER 13 JAAR) (BANKRUS) SKIETOEFENING

JB02-A VEERLUGGEWEER: 15M

JB02-B DRUKLUGGEWEER: 25M

JB02-C RANDSLAG: 50M

TAK VLAK

Inleiding

Die doel van hierdie skietoefening is om aan juniors jonger as 13 jaar die geleentheid te bied om aan gestruktureerde skietoefeninge binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis teen mekaar mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

Takvlak

Skietbalkies:	Brons:	**150 uit 250**
	Silwer:	**175 uit 250**
	Goud:	**200 uit 250**

Ouderdom

Om te kwalifiseer as ’n junior (O/13) moet die junior op 1 Januarie nog nie 13 jaar oud wees nie. Hy/sy mag dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (O/13) skietoefening.

Afstand

15m, 20m, 25m en 50m

Gewere en kalibers

JB01-A Veerluggeweer:

Vir hierdie skietoefening word veerluggewere van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.

Drukluggeweer

JB01-B Drukluggeweer

Vir hierdie skietoefening is drukluggeweer van 4.5mm tot 5,5mm toegelaat.

JB01-C Randslag

Vir die skietoefening word enige .22 LR randslag geweer toegelaat.

Enige tipe aksie semi-outomatiese randslaggeweer word toegelaat.

Randslagammunisie (.22LR)

Net .22 lank of .22 kort randslagammunisie word toegelaat.

Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

Skietoefeninge

Nadat skietpunt opgestel is kry skuts 5 minute om ‘n aantal onbepaalde proefskote te skiet en wapens te bevestig. Na afloop van proefskote bevestig baanoffisier dat geen dwaalskote op teldiagramme geskiet was nie. Indien wel moet die skietoefening gekanselleer word.

Die skietoefening bestaan uit ’n totaal van **25 skote op 15m, 25m en 50m met ’n tydsbeperking van 20 minute vir die 25 skote**. Die skut het die opsie om verdere onbeperkte proefskote te skiet (geen addisionele tyd). Die finale telling is die totaal van die **25 telbare skote** op die genommerde diagramme.

Ondersteuning

Die geweer mag voor en agter ondersteun word “X-bags” en bi-pods word toegelaat.

Russe waar die voorste rus en die agterste rus met mekaar verbind is, is ontoelaatbaar.

Dissipline spesifieke reëls

Luggewere kan ernstige beserings veroorsaak en moet net soos vuurwapens hanteer word. Hierdie skietoefeninge leer juniors die basiese veiligheidsmaatreëls van toepassing op vuurwapens.

- Wanneer ‘n skut met ‘n randslagwapen deelneem moet die wettige lisensiehouer van die wapen teenwoordig wees.

- Slegs een helper per skut word toegelaat. Helpers kan skuts bystaan gedurende die proefskote wanneer wapens bevestig word. Na afhandeling van proefskote moet helpers die skietpunt verlaat. Geen kommunikasie mag plaasvind tussen skuts en toeskouers, afrigters of helpers tydens die skietoefening nie.

- Nadat die skietpunt opgestel is kry skuts 5-minute vanaf die verste afstand om onbeperkte proefskote te skiet om hul wapens te bevestig. Na afloop van proefskote bevestig die baanoffisier dat geen dwaalskote op teldiagramme geskiet was nie. Indien dwaalskote wel voorkom, word die skietoefening gekanselleer.

- ’n Skut mag proefskote skiet gedurende die skietoefening en of wanneer die afstande verander, maar geen ekstra tyd word daarvoor toegelaat nie. Proefskote mag slegs op die proefdiagramme geskiet word.

Teiken

Die S04 teiken is by die SAJWV-jagterswinkel beskikbaar. Teikengrootte is A3 [29.5cm x 42cm]



(A) 'n Skoot wat buite die telarea van 'n diagram val, se waarde is 4 punte.

(B) Waar die koeëlgat aan 'n lyn raak sal die hoër waarde aan die skoot toegeken word. [bv. 6]

(C) Indien daar meer as een skoot per teldiagram geskiet is, kry die skut die laagste teller en verloor die hoogste teller en verloor -1 punt per addisionele skoot, per diagram.

(D) Die totale telling wat behaal kan word, is 250. Proefskote word aan die linker- en regterkant van die teldiagramme geskiet

Figuur 2

Figuur 1



(D2) Wanneer 'n skoot beide diagramme tref, is die waarde vir beide diagramme 4 punte elk en verloor -1 punt per addisionele skoot, per diagram.

Proefskote word aan die linkerkant en aan die regterkant van die teldiagram geskiet.

Die oefening word vanaf 'n skiettafel vanuit 'n tipiese bankrusposisie geskiet.

Figuur 2